

Maandag

Galasiërs:2: 19,20; 3: 26-29; 4: 4-7; 4: 21- 5:26. Teks Gal.2: "Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." Tema: "Christus maak ons aangewese op sy liefde - nie afhanklik van God se sogenaamde magsbegeertes nie." Daar is 'n groot verskil tussen om AFHANKLIK te wees van begeertes en om AANGEWESSE te wees op liefde. Dit is presies die verskil tussen die sondige natuur van die mens wat Paulus in 5: 17 stel teenoor ons vereniging met Christus in 3: 26. Paulus noem afhanklikheid van God en mense – 'n slawejuk en ons vereniging met Christus noem hy vryheid. Die verskil tussen wat Paulus noem die werke of praktyke van die sondige natuur en die vrugte van die Gees (Gal. 5: 19 – 25) gaan nie oor die verskil tussen lelike gesindhede teenoor mooi gesindhede het nie. Dit gaan oor die verskil oor hoe mense in hulle sondige begeertes van mekaar AFHANKLIK is, teenoor hoe gelowiges in liefde op God en mekaar AANGEWESSE is in hulle vereniging met Christus. Dit is die werklike verskil wat die onderskeid maak tussen die werke of praktyke van die sondige natuur aan die een kant en die vrug van die Gees tussen mense aan die ander kant: dis die verskil in HOE mense tot mekaar verbind is! Is die verbintenis afhanklikheid of is die verbintenis aangewesenheid op mekaar? Dit is soos byvoorbeeld ongetroud saambly. Sulke mense gee as rede hiervoor aan dat wanneer hulle net ongetroud saambly tree hulle teenoor mekaar op in liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. (Gal. 5: 22,23). Hulle wil nie trou nie want dan - volgens hulle - verander die man en vrou se houding gewoonlik na onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. (Gal.5: 19-21) Die ironie van hierdie verdraaide standpunt is dat dit op 'n bepaalde wyse werklik die waarheid van die lewe is. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Gal.:2: 19,20; 3: 26-29; 4: 4-7; 4: 21- 5:26. Gal.2: "Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." Tema: "Christus maak ons aangewese op sy liefde, nie afhanklik van God se sogenaamde magsbegeertes nie." Dit is ironies dat mense goed oor die weg kom wanneer hulle ongetroud saambly, maar met mekaar sukkel wanneer hulle trou. Wat beteken dit om ongetroud saam te bly? Dit beteken dat daar geen band is wat man en vrou onlosmaaklik aan mekaar verbind nie. Al wat hul bind is mekaar se begeertes! Solank hulle van mekaar se begeertes afhanklik is, en wonder wanneer hierdie versugtinge 'n werklikheid gaan word, in hulle weerhouding van een toekoms en een lewe – so lank tree hulle vriendelik en goed teenoor mekaar op. Maar sodra hulle op mekaar se liefde aangewese moet wees as 'n blywende verbintenis, een in een lewe, toekoms, inkomste en tuiste, dan sal hulle met hul tipiese sondige houding teenoor mekaar optree. Dit is die ironie! Solank mense van mekaar se begeertes afhanklik is, dan is hulle goed vir mekaar, maar as hulle op mekaar se liefde aangewese moet wees as permanente band, dan

verrinneweer en verskeur hulle mekaar. Daarom is ongetroud saambly 'n mosie van wantroue in die karakter van liefde: liefde as blywende verbintenis is die bron van alle verkeerde gedrag teenoor mekaar! Hierdie lewensvoorbeeld wys die mens se basiese wantroue in alle naasteliefde en se vertroue in afhanklike verhoudings – in afhanklike verhoudings is mense vriendelik en goed vir mekaar, waar mense op mekaar se liefde aangewese is, verniel en verskeur hulle mekaar. Dit is die basiese probleem wat Paulus ook inderdaad aanspreek met sy oproep: “Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie ... 15 Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.”

Woensdag

Gal.:2: 19,20; 3: 26-29; 4: 4-7; 4: 21- 5:26. Gal.2: “Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Tema: “Christus maak ons aangewese op sy liefde - nie afhanklik van God se sogenaamde magsbegeertes nie.” Christus het nie gekom om ons te leer om ander mense se liefdes te vertrou nie. Hy het ons met 'n ander band kom vasbind as afhanklikheid van God en mense. Paulus stel hierdie verbintenis as “deur die doop is ons met Christus verenig.” (Gal. 3: 27) Ons is verenig met Christus in wie Hy as mens in die hemel is en Hy is verenig met wie ons as sondaars is. In hierdie vereniging sluit Hy ons in sy liefde in, nie in sy onvervulde begeertes nie. Hy is volkome in sy liefde vir God volgens die wet en laat ons in sy volkomenheid deel. Die inhoud van die wet van God is nie menslike begeertes nie. Dit is aanvaarding van gesag, getrouheid in eg, ywerig in arbeid, respek vir lewe, egtheid in die waarheid en vergenoegdheid met die lewe. En dit wat Hy van ons vat en met ons deel, is juis óns verwerping van gesag, óns ontrouheid in eg, óns weersin in arbeid, óns valsheid in die waarheid, óns minagting vir lewe en óns onvergenoegdheid met alles, op so wyse dat Hy God se oordeel en straf alles wat ons verkeerd doen Hy vir ewig van ons weggeneem het. Hierdie vereniging met Christus in sy menswees, is 'n vaste en onverbreekbare verbintenis in die liefde van Christus, op so wyse dat ons eie liefde hierin en hierdeur vir God volkome en reg is. In hierdie vereniging is daar tussen Christus en ons geen begeertes wat ons in mekaar bevredig nie. In sy liefde het Hy geen onvervulde begeertes wat ons in ondergeskiktheid, onderwerping of gediensdigheid vir Hom moet bevredig nie. Hy sluit ons in, in wie Hy as vervulde mens vir God is: heilig en regverdig vir God in liefde, en, Hy verlos ons van ons afhanklikheid van ons sondige onvervulde begeertes. Preek beskikbaar op Google by ngkekrlevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Gal.:2: 19,20; 3: 26-29; 4: 4-7; 4: 21- 5:26. Gal.2: “Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Tema: “Christus maak ons aangewese op sy liefde, nie afhanklik van God se sogenaamde magsbegeertes nie.” Paulus maak die verskil tussen om afhanklik van begeertes te wees en aangewese op liefde te wees met die voorbeeld van die verskil tussen kinders en slawe. In ons vereniging met Christus is

ons kinders van God, wat uitroep: “Vader”! Ons is nie slawe wat sê: “Ja, baas!” nie! Ons mag nie hierdie beeld misverstaan asof dit oor innigheid gaan nie. Die gediensdigheid en onderworpenheid waarmee arbeiders “Ja, baas” sê, is nie minder innig as kinders se “Ja, Pa” nie. Die verskil gaan oor AFHANKLIKHEID van mag, teenoor AANGEWESENHEID op liefde. ’n Arbeider is altyd afhanklik van die magsuitoefening van sy werkgewer wat hy erken in die oorgawe “Ja, baas”. ’n Kind moet hom nooit afhanklik of ondergeskik stel aan die mag van sy ouer nie. ’n Kind kan ’n ouer nie dieper onteer as met hierdie woorde nie: “Ja, baas.” Hy mag en moet net aangewese wees op die liefde waarmee hy as kind bekleed word en hulle eer deur liefde. Aangewese op liefde beteken die kind vertrou, bou sy/haar lewe en rig sy/haar lewe deur hulle liefde. Hierdie aangewesenheid op liefde word erken in die woorde “my pa en ma”. Daar is geen afhanklikheid, onderwerping of ondergeskiktheid die belydenis van Paulus: “Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” In hierdie liefde van God leef ons, is ons wat ons bedoel is om te wees, laat ons, ons lewe rig en eer ons God met die liefde wat Hom as Skepper toekom: “Abba Vader!” In ons vereniging met Christus is ons verbind in liefde tot liefde!

Vrydag

Gal.:2: 19,20; 3: 26-29; 4: 4-7; 4: 21- 5:26. Gal.2: “Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Tema: “Christus maak ons aangewese op sy liefde, nie afhanklik van God se sogenaamde magsbegeertes nie. Paulus wys vir ons dat ’n arbeidersverhouding met God (Gal.4:7) is ’n verhouding van afhanklikheid en begeerte met God. Ons hoor dit vandag aanmekaar van geestelikes op die volgende wyse: God begeer ’n verhouding met jou, begeer om sy lewe in jou te kom lewe, begeer om sy krag in jou uit te leef, begeer om in jou persoon Homself as God vir die wêreld sigbaar te maak! Hier volgens is God volkome afhanklik, wagtend in sy begeertes op die mens! Wagtend dat jy jou aan hierdie begeertes van God moet onderwerp: jý moet jou aan God se begeertes oorgee deur jou lewe prys te gee, jou aan sy krag te onderwerp, jou aan sy magsvertoon ondergeskik te stel. Wanneer jy dít doen, sal God weer jóú begeertes vervul: Hy sal met sy krag jou gelukkig maak, jou gesond hou, jou nooit in die moeilikheid laat kom nie, jou altyd die sin van die lewe laat ervaar en jou altyd ’n kragtige mens laat wees. Maar dit is ’n slawe-verhouding met God, en dit is die werklike bron vir afhanklike verhoudings tussen mense – God se afhanklikheid aan hulle begeertes. As hulle en God mekaar se begeertes in en deur mekaar bevredig, wat anders moet tussen hulle en ander mense gebeur, as die bevrediging van begeertes? Doen jý dit is hulle vol ‘liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, 23 nederigheid en selfbeheersing.” Gal. 5: 22 Maar... Christus red ons uit ons begeertes met God en mense, en sluit ons in God se liefde in. NIE meer ’n vriendelike “Ja Baas” nie, maar ’n liefdevolle “Ja, Vader”. NIE vervul met gesindhede wat ons afhanklikheid wys nie, maar ons vervulling deur sy liefde. Preek beskikbaar op ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus